basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2011

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 38 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A: Roman	(35)
AFDELING B: Drama	(35)
AFDELING C: Kortverhale	(35)
AFDELING D: Gedigte	(35)

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en merk die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste **wat julle in die klas** behandel het.

5. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste wat julle gedoen het en **kies die tipe vraag** wat jy wil doen, byvoorbeeld die opstelvraag/kontekstuele vraag.

6. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle gedoen het.

7. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

10. Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

- Beantwoord TWEE vrae van altesaam 70 punte.
- Beantwoord EEN vraag oor elkeen van die TWEE soorte tekste wat jy vanjaar gedoen het.
- Beantwoord TWEE gedigte (17½ punte x 2) indien jy AFDELING D kies.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord ENIGE EEN vraag.

VRAAG 1: *Kringe in 'n Bos*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 2: *Kringe in 'n Bos*	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 3: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 4: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 5: *Meeulanders*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 6: *Meeulanders*	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord ENIGE EEN vraag.

VRAAG 7: *Poppie – die drama*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 8: *Poppie – die drama*	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 9: *Paljas*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 10: *Paljas*	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAG 11: *Die engelman*	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 12: *Lied oor niemandsland*	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord vrae oor enige TWEE van die gedigte.

VRAAG 13: Vrou langs die pad	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 14: 'n klein beriggie	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 15: e-sonnet	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 16: Woonstelbewoner	Kontekstuele vraag	17½ punte

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: ROMAN

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy vertel hoe Saul gedurig in konflik met die mense om hom was omdat hy so anders was. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Die konflik tussen Saul en sy pa, Joram
- Die konflik tussen Saul en Jozef
- Die konflik tussen Saul en MacDonald **[35]**

OF

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hy het 'n vuur gemaak om haar droog te kry. Hoe later dit geword het, hoe meer het dit gelyk of haar hele wese om hulp roep, en in sy eie gemoed het dit vir hom gevoel of alles in hom vaster en vaster kramp.

"Wanneer gaan jy weg, Saul?"

"Ek begin môre trek."

Hy het binne vuur gemaak en sy het met 'n kombers om haar gesit en haar hare drooggemaak. "Moenie weggaan nie, Saul. Asseblief."

"Kate, op hierdie oomblik is ek net van twee dinge seker: dat ek jou liefhet en dat ek so gou as moontlik uit hierdie bos moet padgee. Voor ek moord pleeg."

"Belowe my net een ding?"

"Ek dink nie ek dink op hierdie oomblik nugter genoeg om enigiets te belowe nie, Kate."

"Belowe my dat jy nie weer sal wegraak nie, dat ek sal weet waar jy is."

"Ek dink ek sal die eerste ruk op die dorp gaan bly." Daar was hoop in haar oë toe hy die handdoek by haar neem en self haar hare begin droog vryf.

"Saul ... " Haar stem het gedemp en tevrede van onder die handdoek gekom. "Vra vir my of ek jou liefhet."

"Het jy my lief, Kate?"

"Baie. Van altyd af."

2.1 Waarvandaan het Kate en Saul gekom dat Kate so nat was? (1)

2.2 Hoe het Kate hier saam met Saul in die Bos gekom? Gee TWEE feite. (2)

2.3 "All woodcutters are wild and dirty and so are their children."
(Kate se woorde)

Terwyl Kate en Saul saam in die Bos was, het sy vir Saul gevra om haar te vergewe dat sy hom lank gelede met hierdie woorde seergemaak het.

2.3.1 Waarom wou Kate gehad het Saul moes haar vergewe? (1)

2.3.2 Hoe het Kate se woorde in die aanhaling vir Saul in sy lewe gemotiveer? (1)

2.4 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.

A Kate het vir Saul agtervolg.
B Saul het gehoor dat die delwers in die Bos mag aanbly.
C Saul het besluit om die Bos te verlaat. (3)

2.5 Hoe lank het Kate by Saul in die Bos gekuier? (1)

2.6 Sê wat Kate alles in Saul se blyplek gesien het wat haar so verras het. Gee DRIE feite. (3)

2.7 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (2.7.1 – 2.7.4) en die antwoord neer.

vrek; sleeppad; gekwes; oorleef; Ratelbos; woedend; vierde; vyfde

Kate en Saul het Oupoot se spore in die (2.7.1) ... gekry. Saul het geskrik toe hy vir Oupoot sien omdat Oupoot (2.7.2) ... was. Dit was die (2.7.3) ... keer dat Saul vir Oupoot van naby gesien het. Kate was oortuig dat Oupoot sou (2.7.4) ... . (4)

2.8 Voltooi die sin met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Na Saul en Kate se saamwees in die Bos, het hy nog vyf maande in ... gewoon.

A een van Meulbos se losieshuise
B sy skerm in die Bos
C die hotel op Knysna
D 'n huisie agter die klipkerk (1)

2.9 "Moenie weggaan nie, Saul. Asseblief." (Reëls 8 en 9)

Kate se pa, Alexander MacDonald, sou bly gewees het dat sy dogter vir Saul gesoebat het om te bly.

2.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.9.1. Verwys na hoe MacDonald teenoor Saul opgetree het aan die einde van Saul se dae in die houtskuur. (1)

2.10 Niemand in die gouddorp het geweet waar Kate was terwyl sy by Saul gekuier het nie.

2.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.10.1. Verwys na Kate en Saul se gesprek net voordat hulle by sy skerm aangekom het. (1)

2.11 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Uit die uittreksel sien ons dat Saul so kwaad was dat hy moord wou pleeg, omdat (Oupoot doodgeskiet is/niemand omgegee het dat die Bos vernietig word nie). (1)

2.12 Kies die antwoord uit KOLOM B wat pas by die sin in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (2.12.1 – 2.12.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
2.12.1 Die skepe het uitgevaar.	A Die uitdaging om 'n eie saak te begin.
2.12.2 Die skepe het die rivier binne-gevaar.	B Daaraan wou Saul nie dink nie.
2.12.3 Die Bos en dié dinge wat besig was om daar te gebeur.	C Dit sou Saul tot sy sinne ruk.
2.12.4 Caroline MacDonald het vir Saul besoek.	D Dit het Saul haastig gemaak.
	E Dit het ou ongelukkigheid in Saul laat roer.

(4 x 1) (4)

2.13 Voltooi die stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die doel van Caroline MacDonald se besoek aan Saul was om vir Saul te gaan sê dat ...

A Kate vir hulle vertel het dat sy en Saul 'n verhouding het.
B hulle gehoor het dat Saul sy attensies op Kate afdwing.
C haar man te besig was om met Saul oor Kate te kom praat.
D Kate nie gesond was nie en hy haar nie mag ontstel het nie. (1)

2.14 Van watter Engelse koning was Caroline MacDonald glo familie? (1)

2.15 "Belowe my dat jy nie weer sal wegraak nie, dat ek sal weet waar jy is."
(Reëls 15 en 16)

Nadat Caroline en Alexander MacDonald by Saul was, het hy tog wéér weggegaan sonder om vir Kate te sê waarheen hy gegaan het.

2.15.1 Waarheen het Saul gegaan? (1)

2.15.2 Waarom het Saul weer weggegaan? (1)

2.16 Terwyl Saul en Kate so saam in die Bos was, het Kate vir Saul gesê dat hy die *mooiste mens* was wat sy geken het en dat hy *nie so genadeloos* was soos baie ander mense nie.

Dink aan die redes waarom Saul weggegaan het van Knysna af. Verduidelik waarom 'n mens dan met Kate se woorde hierbo kan saamstem. (2)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

"Die bloed wat in my dogters se are vloei, sal nie meng met bloed wat ... wat ..."

2.17 Hoe voel jy as jy hier lees hoe sleg Caroline MacDonald vir Saul behandel het? Sê waarom jy so voel. (2)

2.18 Watter les het Saul vir jou in hierdie roman oor familiebande geleer? (1)
[35]

OF

VRAAG 3: OPSTELVRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

1	Liewe leser, ek wil vir my 'n lewe opmaak. Die lewe van 'n
2	amper vyftienjarige meisie met 'n eksotiese naam soos Fabienne.
3	Sy's ek, maar sy is ook nie ek nie. My *alter ego*, soos juffrou Lieben-
4	berg dit noem.

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy vertel hoe Hanna en haar *alter ego*, Fabienne, se lewens van mekaar verskil het. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na Hanna en Fabienne se:

- Name
- Voorkoms
- Huislike omstandighede
- Persoonlikhede **[35]**

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Nee. Ek wíl oor stralende geluk skryf. Miskien omdat my eie lewe
2	so 'n tekort aan stralende geluk het.
3	Vat nou maar my ma se nuutste verspotte plan. Mana Minnaar
4	het nog nooit 'n tekort aan simpel idees gehad nie, maar hierdie
5	een is sowaar simpel verby. Sy het besluit sy wil 'n wittebrood hou
6	– vir die eerste keer in haar lewe – maar dit sal nie 'n gewone,
7	normale wittebrood wees nie. Ek sê mos sy glo nie aan normaal
8	nie. Sy wil al haar kinders en haar stiefkinders en natuurlik haar
9	ongebore kind saamsleep. Na 'n verlate huis op 'n verlate berg.
10	Sodat ons "mekaar beter kan leer ken".

4.1 Lees weer reël 1 en reël 2. Een van die dinge wat gekeer het dat Hanna 'n tekort aan stralende geluk het, was haar voorkoms.

Noem TWEE dinge aan haar voorkoms waarvan sy nie gehou het nie. (2)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Mana wou haar gesin na (Piketberg/Botterberg) vir die wittebrood neem. (1)

4.3 Hanna het geglo Mana het simpel idees.

Noem EEN so 'n simpel idee wat Mana vir Tibo oor geslagsrolle gegee het. (1)

4.4 Waarom kon Mana nie wittebrood hou toe sy met Gavin getrou het nie? (1)

4.5 Wat het vir Mana so anders as ander ma's gemaak? Gee EEN voorbeeld van haar klere en EEN voorbeeld van haar hare. (2)

4.6 Waarom was Mana reg toe sy gesê het dat die gesin mekaar beter moes leer ken? (1)

4.7 Mana se ongebore baba het uiteindelik 'n rol gespeel om die gesin verder uit mekaar te dryf.

4.7.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

4.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.7.1. Gee EEN bewys uit die roman. (1)

4.8 Beskryf die gesin se nagmerrierit na die verlate huis.

4.8.1 Gee TWEE feite waarin jy na die eerste twee uur van die nagmerrierit verwys. (2)

4.8.2 Gee EEN feit oor die laaste halfuur van die nagmerrierit. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

Liewe leser, partykeer dink ek om te lewe is soos om in die see te staan, met jou rug na die branders, en te probeer uitwerk wanneer en hoe die volgende een jou gaan tref. Of dit 'n onskadelike brandertjie gaan wees wat jou net so effens gaan laat wieg. Of 'n onverwagse breker wat jou voete onder jou gaan uitslaan.

Vandag is ons deur 'n breker getref. Ons sukkel almal nog om ons balans terug te kry.

4.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die "onverwagse breker" wat hulle getref het, was dat ...

A hulle ná die reën van die buitewêreld afgesny was.
B Gavin Hanna se vyftiende verjaardag sou bywoon.
C die baba onverwags tydens die wittebrood gebore is.
D Beyers 'n interessante boodskap per selfoon ontvang het. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Die koningin kom saam met die reën. Of die reën kom saam met
2	die koningin. Dis ongelooflik, soos iets uit 'n fliek. Die oomblik toe
3	die wit Golf voor die huis stilhou, is dit of 'n prop uit die lug getrek
4	word, of 'n enorme bad iewers bo die lae wolke begin leegloop.
5	Ons het almal nuuskierig by die huis uitgepeul toe ons die kar
6	hoor nader kom, maar die stortreën laat ons weer blitsig binnetoe
7	vlug.

4.10 Kies die karakter(s) in KOLOM B wat pas by die reaksie op Margot se koms in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (4.10.1 – 4.10.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
4.10.1 Hy het die kar waarin Margot was, soos 'n opgewonde hond bestorm.	A Beyers
4.10.2 Hy het suur, sarkastiese aanmerkings gemaak.	B Yann
4.10.3 Hy het uitgehardloop en vir Margot 'n sambreel gaan gee.	C Amos
4.10.4 Hy wou weet of Margot rolprentsterre ken.	D Gavin
	E Tibo

(4 x 1) (4)

4.11 Wie se idee was dit om vir Margot "die koningin" te noem? (1)

4.12 Waarom het Margot die bynaam "die koningin" gekry? (1)

4.13 Die woord "koningin" het gewoonlik 'n positiewe waarde. Sê waarom die bynaam "die koningin" 'n slegte beeld van Margot kon skep. (1)

4.14 Hoe het Yann en Amos se optrede teenoor hulle ma verskil? (2)

4.15 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (4.15.1 – 4.15.4) en die antwoord neer.

ongemaklik; ongeduldig; positief; vals; Sharon; Tibo

Die gesin was aan die begin nie (4.15.1) ... teenoor Margot nie. Mana het (4.15.2) ... geraak toe Margot nie kon besluit wat sy wou drink nie. Hanna het gedink alles aan Margot was (4.15.3) ... . Hanna kon nie verstaan waarom (4.15.4) ... vir Margot oopmond bewonder het nie. (4)

4.16 Rangskik die gebeure gedurende die eerste twee weke van die vakansie in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.

A Sharon se ouers het opgedaag.
B Die baba is gebore.
C Hanna het verjaar. (3)

4.17 Aan die einde van die verhaal het die leser gesien dat Margot se bynaam "die koningin" positief kon wees.

4.17.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

4.17.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 4.17.1. Gee EEN bewys uit die roman. (1)

4.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Margot en Hanna was eintlik baie dieselfde, omdat hulle altwee ...

A heeltyd wou oefen om maer en mooi te bly.
B uitspattig volgens die nuutste modes wou aantrek.
C graag eendag 'n boek oor hul unieke gesin wou skryf.
D gesukkel het om hulleself te aanvaar soos hulle was. (1)

4.19 Watter belangrike les het jy aan die einde van die verhaal by Hanna geleer? (1)

4.20 In hierdie verhaal het ons van sensitiewe sake soos gay-wees, egskeiding, proefbuisbabas en vriendskappe oor die kleurgrens gelees.

Motiveer in EEN volsin of jy dink dit is 'n gepaste voorgeskrewe werk vir graad 12-leerders of nie. (1)
[35]

OF

VRAAG 5: OPSTELVRAAG

MEEULANDERS – Esta Steyn

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) en vertel wat gebeur het dat die volgende karakters op Meeuland gaan woon en/of werk het. Sê ook hoe hierdie karakters oor Meeuland gevoel het.

Verwys in jou opstel na:

- Jacob Langhans
- Elsabet
- Jannerik
- Ryna van Rensburg
- Attie **[35]**

OF

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

MEEULANDERS – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MEEULAND. WOENSDAG, 13 SEPTEMBER 1978

Ek dink die heeltyd aan die man. Ek het sy gesig gister op die plakkaat by die stasie gesien. Toe het hy nog geglimlag. Maar nou sal hy honderd vrae vra. En miskien nooit weet nie. Mens leef deur al die vorige dae en jy fynkam al die gebeure, reaksies, optredes. Jy soek in gesprekke rond vir woorde wat ongemerk laat val is. Jy onthou stukkies en brokkies en jy wonder waar jy inpas. Jy wonder of die onheil maande lank sit en broei het en of daar net een plotselinge onbeplande moment was. Al die raaisels wentel soos sirkels rondom jou, nader en nader, en later is jy vasgespin en jy kan daar nie uitkom nie. Dan sê hulle jy het waansinnig geword en dan sit hulle jou in 'n inrigting met 'n hoë wit muur rondom jou. Saam met al die ander uitgeworpe verwondes. En wanneer jy eendag aan die ander kant van die muur staan, dan verstaan jy nog steeds niks. En al vlug jy ver weg, selfs tot op 'n eiland in die see, selfs dan is gister se swart gat langs jou en jy kan enige oomblik weer daar inval.

As Vincent my vanaand hier moes sien ... Ek wonder wat sou hy sê?

6.1 Hoe het Ryna van die verkiesingsplakkaat met Fred se gesig op geweet? (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

"Maar nou sal hy honderd vrae vra. " (Reël 3) Die vraag wat vir Fred gepla het, was ...

A of hy die verkiesing op die dorp sou wen.
B hoekom Schalk terug op die dorp was.
C hoekom Sheila selfmoord gepleeg het.
D of Veronica die geheim van haar baba sou hou. (1)

6.3 Ryna het heeltyd aan Fred gedink omdat Ryna net kon dink hoe hy moes voel.

6.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

6.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.3.1. Verwys na die rede waarom Ryna na Meeuland toe gekom het. (1)

6.4 Ryna het in haar dagboekinskrywings na haar man en kind se dood verwys.

6.4.1 Watter rol het Ryna se man in hierdie gebeure gespeel? Gee EEN feit. (1)

6.4.2 Ryna het in die hof oor iets getuig, maar niemand wou haar glo nie. Wat het sy in die hof gesê? (1)

6.5 "Jy onthou stukkies en brokkies ... ." (Reël 6)

Die “stukkies en brokkies” van die gebeure in haar huis wat Ryna later onthou het, kon tot haar dood gelei het.

6.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

6.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.5.1. Verwys na die rol van Henning van Hagen. Gee EEN feit. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MEEULAND. VRYDAGAAND, 26 OKTOBER 1979

Die wildevy het nuwe lote. Janka het haar eerste treetjies gegee.
Jacob is wal toe vir die skeisaak. Hy het so gelate gelyk toe hy by Attie in die Sterretjie klim. Ek wou met hom praat, vir hom iets sê, maar ek kon nie, want die meeue se gekrys het al die woorde weggedra tot in die water.

6.6 Waarom het Ryna gewens dat sy ’n wildevyeboom by die Silkwood-kliniek kon hê? (1)

6.7 By wie het Jannerik die idee gekry om ’n wildevyeboom te plant? (1)

6.8 Verduidelik waarom Jannerik so graag die wildevyeboom wou plant. Gee DRIE feite. (3)

6.9 Watter pyn het Jannerik oor Janka beleef? Gee EEN feit. (1)

6.10 Die wildevy se lote het gewys dat die boom groei en dit het geïmpliseer dat ...

A Jannerik die boom goed versorg het.
B Jannerik se pyn besig was om minder te word.
C dit Ryna se hartseer oor haar verlede weggevat het.
D dit Jacob se pyn om van Elsabet te skei, sou wegvat. (1)

6.11 Die dag van Elsabet se begrafnis het Janka in die wildevyeboom weggekruip.

Hoekom doen Janka dit? (1)

6.12 Kies die verduideliking in KOLOM B wat by die woord/woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.12.1 – 6.12.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
6.12.1 Die Meeuw	A Die naam is afgelei van New Land.
6.12.2 Meeuland	B Die boot waarmee Ryna uit Salamanderbaai vertrek het.
6.12.3 Mama Meeu	C Die bootjie wat die Meeulanders tot by die eiland geneem het.
6.12.4 Meeuland Express	D Ryna se CB-naam.
	E Janka se stootkarretjie.

(4 x 1) (4)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Elsabet het van Jacob geskei omdat sy vir (Skalla/Fred) lief was. (1)

6.14 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (6.14.1 – 6.14.4) en die antwoord neer.

praat; Skalla; Fred; loop; Kersvader; Kaapstad; Salamanderbaai

Janka is op Oukersaand raakgeskiet toe sy op die jettie gesit en wag het vir (6.14.1) ... . Jacob het geweet dat dit (6.14.2) ... was wat haar geskiet het. Janka sou (6.14.3) ... toe moes gaan vir 'n operasie. Sy sou dalk nooit weer kon (6.14.4) ... nie. (4)

6.15 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.

A Jacob het gehoor dat Meeuland as guano-eiland gesluit sou word.
B Jacob het vir Ryna gesê dat hy vir haar lief was.
C Ryna het die trommeltjie by Ousanna gekry. (3)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Fred, Jannerik en Jacob weet nie wie die vader van die kind is nie. Hulle moet nooit weet nie. Dit is die een anker in Jacob se lewe. Dit is die een ding wat die Blanckenbergs hom nooit mag ontneem nie. Jy moet dit vir my beloof."
Hy kyk haar ontredderd aan. "Ek sweer ek sal nie. Maar ek sal daar wees vir haar. Altyd."

6.16 Ryna het vir Fred vertel dat Janka en Elsabet se dooie baba omgeruil is.

Was dit reg van Ryna om haar belofte aan Jannerik en Jacob te verbreek en vir Fred die geheim te vertel? Motiveer jou antwoord. (1)

6.17 Na wie verwys hierdie "een anker" in Jacob se lewe? (Reël 2) (1)

6.18 Behoort Janka te geweet het wie haar regte ma was? Motiveer jou antwoord. (1)

6.19 Hermanus Blanckenberg kon nie op een van sy twee seuns, Fred of Skalla, trots wees nie.

Motiveer hierdie stelling met EEN feit oor elke seun. (2)

6.20 Gee TWEE bewyse dat Ryna aan die einde van die roman 'n ware Meeulander was. (2)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

OF

AFDELING B: DRAMA

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

1	JAKKIE. Die migrants het wit doeke om hulle koppe, en lakens
2	om die lyf, en kieries in die hande.
3	MOSIE. En toe breek die hel los.

Geweld (opstande teen die regering) is een van die temas van die drama.

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy **geweld** in hierdie drama bespreek. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Jakkie in sy opstand teen die regering
- Die kinders se betrokkenheid by die opstande teen die migrants
- Die gevolge van die opstande op Poppie en haar kinders **[35]**

OF

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	POPPIE. Wil Mama hê ek moet ja sê vir hierdie ou manne wat
2	kom vra vir my? Ga ... ek soek nie die ou manne nie! (*Aan*
3	*gehoor.)* Maar toe ontmoet ek nou hierdie man van my met
4	wie ek toe mee getroud is. (*Stone beweeg nader na Poppie.)* Ek
5	het regtig nie eers van hom gehou nie, want hy het van
6	Herschel, in die Ciskei gekom, hy het vir sy oudste boetie,
7	Witbooi, kom kuier en nou kry hy werk in die fabriek as
8	boilerman. Ek sien hom in die fabriek, maar ek het nooit
9	met hom gepraat nie.

8.1 Hoe oud was Poppie toe sy Stone ontmoet het? (1)

8.2 "..., maar ek het nooit met hom gepraat nie." (Reëls 8 en 9)

Hoe het Poppie en Stone eers met mekaar gekommunikeer? (1)

8.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Eers was Poppie se mense nie gelukkig dat sy met Stone moes trou nie, omdat Stone ...

A van Ciskei af gekom het.
B nie 'n baie netjiese man was nie.
C baie ouer as Poppie was.
D glad nie Afrikaans wou praat nie. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MAMA. Stone het 'n jaar gevat om die lobola af te betaal.

* * * * *

STONE. Vier maande ná die verlowing het ons getrou, op 'n Woensdag sodat die predikant uit die Kaap kon kom. Die troue het twee dae aangehou en die mense het uit die werk gebly om te kom bruilof vier.

8.4 Noem DRIE dinge wat Mama vir Poppie met die lobolageld gekoop het. (3)

8.5 Onmiddellik na die troue het Poppie en Stone saam na hul eie huis gegaan.

8.5.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.5.1 met 'n feit uit die drama. (1)

8.6 Op die tweede dag van die troue het die ou mense vir Stone en Poppie vertel hoe hulle moes saamlewe en hoe hulle hulle moes gedra.

Noem EEN ding wat Poppie moes doen. (1)

8.7 Na die troue het Poppie 'n ander naam vir Stone gehad.

8.7.1 Wat het sy hom na die troue genoem? (1)

8.7.2 Waarom het Poppie vir Stone 'n ander naam gegee? (1)

8.8 Kies elke keer die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (8.8.1 – 8.8.2) en die antwoord neer.

Poppie en Stone se eerste huis was 'n (8.8.1) (eenkamerhuis/tweekamerhuis) van sink en plate. Poppie en Stone se tweede huis in Jakkalsvlei was 'n (8.8.2) (eenkamerhuis/tweekamerhuis) van sinkplate, houtplankies en karton. (2)

8.9 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.

A Poppie het Kaap toe gegaan waar haar ma en broers was.
B Stone het kontrakwerk gekry by die melkery.
C Poppie se kind het aan kinkhoes gesterf. (3)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

POPPIE. Kyk! Die weer draai, die tafeldoek lê oor die berg! Ai, dit was 'n goeie tyd vir ons! Daai tyd was die permitstorie nie so moeilik nie. Maar toe kom die nuwe wet wat sê die papiere moet weg en die vrouens moet pasboekies dra. *(Verward.)* Die boekies was nog nie die grootste ding nie – almal het hulle tog gekry! Die grootste ding was die extension!

8.10 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Poppie was baie positief in hierdie uittreksel omdat sy haar eerste pas gekry het. Sy kon nou vir (drie maande/vyf maande) in die Kaap woon. (1)

8.11 Toe Poppie haar eerste pas gekry het, het Mr Strydom vir haar gesê dat sy Ciskei toe moes gaan.

8.11.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.9.1 met EEN feit uit die drama. (1)

8.12 Kies die stelling in KOLOM B wat pas by die naam in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (8.12.1 – 8.12.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A		KOLOM B
8.12.1	Mrs Graham	A Sy het vir Poppie gehelp om in Bellville werk te kry.
8.12.2	Mrs Scobie	B Haar man se invloed het gehelp om vir Poppie 'n pas te kry.
8.12.3	Mrs Swanepoel	C Poppie het teen agt pond per maand by haar gewerk.
8.12.4	Mrs Retief	D Sy bied aan dat Poppie se baba by haar kan bly as sy gaan werk
		E Dit was Poppie se heel eerste werk in die Kaap.

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

PLANK. Ná twee weke is Stone weer huis toe.
JAKKIE. Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop.

8.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

"Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop." (Reëls 2 en 3)

Hierdie aanhaling is 'n voorbeeld van ...

A ironie.
B vergelyking.
C metafoor.
D personifikasie. (1)

8.14 Van watter moeilikheid word daar in die uittreksel gepraat? (1)

8.15 Watter slegte nuus het Poppie net na hierdie insident per telegram ontvang? (1)

8.16 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (8.16.1 – 8.16.4) en die antwoord neer.

sonder sy ouers; medisyne; op skool; sonder sy gesin;
Oxo-sous; werk; by haar skoonmense; pas

Stone het gesê hy was so siek, omdat hy (8.16.1) ... moes bly. Mama het hom probeer help; sy het hom (8.16.2) ... gegee om te drink. Maar Stone het gesterf. Na Stone se dood moes Poppie gaan werk om haar kinders (8.16.3) ... te hou. Sy het besluit om Kaap toe te gaan. Poppie het nie 'n (8.16.4) ... gehad nie, maar was bereid om die kans te waag. (4)

8.17 Dink jy Poppie het haar man verwaarloos? Motiveer jou antwoord in EEN sin. (1)

8.18 Hoe sou jy Poppie se karakter beskryf? Gee DRIE feite. (3)

8.19 Stem jy saam dat elke mens die reg het om 'n huis en werk te hê? Motiveer jou antwoord. (1)
[35]

OF

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

PALJAS – Chris Barnard

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy vertel hoe die spanning in die drama meer geword het soos die drama ontwikkel het. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Die spanning tussen Hendrik en Katrien
- Willem en Emma se hantering van die spanning
- Frans se rol om spanning te skep
- Die klimaks van die spanning waar Manuel geskiet is **[35]**

OF

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

PALJAS – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

HENDRIK: Vat net aan my dogter, knapie, en jy vat aan my. Verstaan? (*Hy swaai hom om en loop. En beduie oor sy skouer terug*.) Vat julle sirkus en kry julle ry. Ek loop bel vir Uniondale.

Die manne staan en staar Hendrik 'n bietjie verbaas agterna. Tot hy in sy kantoortjie verdwyn. Dan gooi die mesgooier Barnie sy derde mes in die krat in. En Sambo rol sy kougom in sy ander kies in.

SAMBO: Toe-toe, manne – laai af die diere dat hulle kan bene rek.

34. 'n Leë stuk Karoolandskap met die horison hier naby. Net 'n bossiebult. Dan verskyn die kop en rug van 'n olifant oor die horison. En eers wanneer hy halfpad oor die bult is, word die nar sigbaar wat voor hom stap; 'n nar in volle mondering, wat hom aan 'n tou lei. Die olifant hou die tou met sy slurp vas.

Klein Willem staan vir die aankomende prosessie en kyk.

Die nar stap reg op Willempie af. En kom staan voor hom.

NAR: Hello. (*Die kind antwoord nie*.) Wat is jou naam? (*Niks*.) Is jy skaam? (*Nog geen reaksie nie. Willempie kyk net vir die olifant*.) Dè. *(Hy druk die tou in die kind se hand.)* Loop bietjie met hom. (*Die kind staan net met die tou*.) Trek hom. Jy sal sien. Hy sal loop as jy trek. (*Willempie staan net. En die nar begin aanstap. Hy stap weg van hulle af. Tien tree weg kyk hy om*.) Bring hom! Trek; hy sal kom. (*En Willempie kyk vir die olifant. En trek. En die olifant kom*.) Jy sien?

35. 'n Montage van die olifant wat al agter Willempie aanstap. Eers met die nar naby hulle. Dan met die nar op die agtergrond. Daarna net Willempie en die olifant. Oor 'n bult, deur 'n land vol koringbale, deur 'n stroom water, oor 'n brug, deur 'n bos. Willempie stap al hoe regopper, al hoe meer kordaat – en die olifant waggel agterna.

10.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Hierdie uittreksel vorm deel van die ... van die drama.

A eksposisie
B verwikkeling
C krisis
D klimaks (1)

10.2 Kies die KORREKTE naam tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die man met wie Hendrik in reëls 1 en 2 raas, se naam was (Nollie/Barnie/Bertie). (1)

10.3 Hoe weet die leser dat Hendrik baie min van die man in reëls 1 en 2 gedink het? (1)

10.4 Watter TWEE voorbeelde het ons in hierdie uittreksel van mense wat nie goed met mekaar gekommunikeer het nie? (2)

10.5 Wat het Hendrik bedoel toe hy vir die man gesê het: "Vat julle sirkus en **kry julle ry**"? (Reël 3) (1)

10.6 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Hendrik wou vir Uniondale bel, want dit was (waarvandaan die trein gekom het/waarheen die trein op pad was). (1)

10.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Hierdie manne het verbaas na Hendrik gestaar omdat hy so ...

A met sy hande beduie het.
B aggressief opgetree het.
C baie gepraat het.
D gou weggeloop het. (1)

10.8 Barnie wou vir Hendrik met die mes raakgooi.

10.8.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.8.1. Verwys na die betekenis van die mesgooiery. (1)

10.9 Waarom was die Karoolandskap waar hierdie drama afspeel, so 'n goeie keuse? (1)

10.10 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (10.10.1 – 10.10.4) en die antwoord neer.

paljas; voorspoed; moed; depressief; olifante; vrolik

Toorwater was eers 'n plek wat (10.10.1) ... geken het toe volstruispryse hoog was. Later het dit 'n plek geword met mense wat vergeet het hoe om te leef. Die musiek en speletjies in die drama is gebruik om te wys dat die lewe (10.10.2) ... kon wees. Uiteindelik het die sirkus die (10.10.3) ... gebring en die hele gemeenskap weer vry gemaak en hulle (10.10.4) ... vir die toekoms gegee. (4)

10.11 Skryf DRIE sinne oor hoe die nar se "volle mondering" gelyk het. Verwys na die nar se gesig, sy kleredrag en die rede waarom hy hierdie "mondering" gedra het. (3)

10.12 Hoe het Willem vir sy ma laat verstaan dat hy ook so 'n narrepak wou hê? (1)

10.13 Waarom wou Willem net soos Manuel lyk? (1)

10.14 Oudokter het geglo dis Hendrik se skuld dat Willem nie praat nie.

10.14.1 Wat het Hendrik, volgens Oudokter, verkeerd gedoen? (1)

10.14.2 Hoe weet die leser dat die nar Willem se probleem verstaan het? (1)

10.15 Verduidelik die simboliese betekenis van die situasie in reëls 26 – 31 waar Willem:

10.15.1 'n ***Olifant*** aan 'n tou gelei het (1)

10.15.2 Met elke tree ***regopper*** **en** ***meer kordaat*** gestap het (1)

10.16 Kies die situasie in KOLOM B wat pas by die sin in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (10.16.1 – 10.16.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
10.16.1 Hendrik het gesê sy seun is slim.	A Willem het gekleurde balletjies bokant die gerolde kafbale sien uitkom.
10.16.2 Die nar het agtergebly toe die sirkus vertrek.	B Willem het sy naam op die skuur se muur geskryf.
10.16.3 Willem en die nar het kennisgemaak.	C Willem het 'n muntstuk uit sy sakdoek getoor.
10.16.4 Hendrik en Katrien het baklei waar Willem hulle kon hoor.	D Willem het gaan wegkruip by die nar.
	E Willem het skreeuend na die skuur toe gehardloop.

(4 x 1) (4)

10.17 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.

A Die nar het vir Willem 'n vrolike gesig geteken.
B Die sirkustrein het Toorwater verlaat.
C Die nar is raakgeskiet. (3)

10.18 Nadat die polisie gesien het wat in die skuur op die stasie aangaan, het die mense hulle nie meer aan die McDonalds gesteur nie.

10.18.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.18.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 10.18.1. Verwys na Katrien en Willem se eerste besoek aan die dorp nadat die polisie in die skuur was. (1)

10.19 In hierdie drama het die dominee die McDonalds gekritiseer en hy het die nar uit die kerk gejaag.

Dink jy die skrywer van hierdie drama wil predikante en kerke in 'n slegte lig stel? Motiveer jou antwoord. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

1	Die trein begin trek.
2	HENDRIK: Gou, hier's nog. (*Hy gee iets aan en Manuel gryp*.)
3	Al jou toorgoed.
4	Hulle lag.
5	Die trein ry.

10.20 Sê wat Manuel, behalwe sy konsertina, werklik vir die mense van Toorwater agtergelaat het. (1)

[35]

TOTAL AFDELING B: 35

OF

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

VRAAG 11: OPSTELVRAAG

***DIE ENGELMAN* – Izak de Vries**

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy 'n beskrywing van Chris gee. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Chris as 'n ernstige jongmens
- Chris se toekomsplanne
- Chris se lewe as taxibestuurder
- Die effek wat Silina op Chris se lewe gehad het **[35]**

OF

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

***LIED OOR NIEMANDSLAND* – Jan Rabie**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Evert het teruggekeer uit krygsgevangenskap 'n jaar na die dorp in twee gesny is deur die nuwe grenslyn, en 'n hele ry huise langs die hoofstraat gesloop is om plek te maak vir wagte en doringdraad. Die ou markplein in die hart van die dorp is omgeploeg en gelyk gehark sodat spore kon wys: toe die koue weer kom, het die lang skeidende sleepsel van die dood stekelig en bar teen die sneeu afgesteek.

Die dag van Evert se terugkeer het sy ou moeder na die stasie gegaan om te huil en haar seun huis toe te lei. Toe sy hom vertel wat met die dorp gebeur het, het Evert wit om sy mond geword en stilswyend aan haar sy tussen die ou gegewelde huise na die plein gehaas. Daar het hy gaan staan met sy somber gesig na die ander kant gedraai.

12.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Evert was vir 'n (lang tyd/kort tydjie) van die huis af weg. (1)

12.2 Gebruik die woord "krygsgevangenskap" (reël 1) om af te lei waar Evert die hele tyd was. (1)

12.3 Waarom het Evert se ma hom dadelik in die rigting van die hoofstaat gevat? (1)

12.4 Waarom is dit ironies dat die markplein toe 'n stuk niemandsland geword het? (2)

12.5 Waarom het die verteller die doringdraad beskryf as:

12.5.1 Skeidend (Reël 5) (1)

12.5.2 'n Sleepsel (Reël 5) (1)

12.6 Die enigste rede waarom Evert se ou moeder gehuil het, was omdat sy bly was dat hy terug was.

12.6.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

12.6.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 12.6.1. Verwys na die gebeure van die afgelope jaar. (1)

12.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Evert se ou moeder het hom huis toe gelei, want ...

A dit sou binnekort begin sneeu het.
B die wagte sou met hom gespot het.
C hy kon miskien onverantwoordelik opgetree het.
D daar het 'n vreemde meisie gewag. (1)

12.8 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Evert het wit om sy mond geword toe hy hoor wat met die dorp gebeur het. Dit wys dat die nuus hom (haastig/kwaad/hartseer) gemaak het. (1)

12.9 Evert se ma het rede gehad om hom te waarsku om weg te bly van die doringdraad af.

12.9.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

12.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.9.1. Verwys na 'n spesifieke insident. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die volgende dag het sonskyn bleek deur die wolke gesukkel. In die strate het die sneeu in 'n vuil pappery verander, maar op die plein het dit skoon en wit geglans. Evert het vinniger as gewoonlik, verby die plein, reguit huis toe geloop. Sy oë het gegloei in sy skraal, verbete gesig toe hy die kitaar van die muurspyker lig. Hy het geen woord teen sy angstige ou moeder gesê nie. Hy het na die rand van die plein gegaan, en toe langsaam verder in die diep, skoon sneeu tot waar die wagte gestaan en kyk het. Hulle het hul gewere dreigend gelig. Evert het nog nader gegaan in die diep wit sneeu.

12.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Evert het met sy kitaar tot by die wagte gestap omdat hy ...

A vir die wagte wou wys dat hy hulle grensdraad respekteer.
B wou uitvind of hy na die ander kant toe kon deurgaan.
C vir die dorpsmense wou wys hulle moet mekaar respekteer.
D wou uitvind of Anna nog altyd vir hom lief was. (1)

12.11 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.

A Evert het die wagte tot by die doringdraad getrotseer.
B Evert se ma het hom gaan wys hoe die dorp in twee verdeel was.
C Evert het sy ma belowe om met 'n meisie van haar keuse te trou. (3)

12.12 Kies die sin/sinsdeel uit KOLOM B wat pas by die woord(e) in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (12.12.1 – 12.12.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
12.12.1 Ruimte	A Die lied van die twee jongmense.
12.12.2 Simbool van hoop	B Liefde oorwin alles.
12.12.3 Tema	C Skreeuend het die wagte hul terugbeveel.
12.12.4 Uiterlike konflik	D Die donker doringdraad.
	E Die ou markplein is omgeploeg.

(4 x 1) (4)

12.13 Wat het Evert se ma alles vir hom gesê sodat hy van Anna kon vergeet? Gee DRIE feite. (3)

12.14 Hoeveel aande het Evert gaan kitaarspeel voordat Anna gekom het? (1)

12.15 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (12.15.1 – 12.15.4) en die antwoord neer.

sneeu; gesing; verkoolde; haat; liefde; afgekapte; geslaap; doringdraad

Die wagte is vergelyk met (12.15.1) ... boomstamme in 'n oop plek waar voëls nog (12.15.2) ... het. Dis 'n goeie vergelyking, want teen die (12.15.3) ... het die wagte donker gelyk. Evert en Anna se lied daar waar alles so vol (12.15.4) ... was, was net so welkom soos om voëls in 'n oop ruimte waar geen bome was nie, te hoor. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Voor hulle teruggedrywe kon word en hy haar
2	naam wild sou roep, het hy omgedraai in die blou skemering wat orals deel
3	van die hemel was.
4	Maar een aand, en vir ’n lang tyd in herinnering, het sang niemandsland
5	oorkruis om ’n trotse vrede uit een man se pyn te skep, en vir almal wat
6	gehoor het, ’n boodskapper te wees.

12.16 Watter boodskap vol hoop het Evert vir Anna gegee voordat hy omgedraai het? (1)

12.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die “blou skemering” (reël 2) het verwys na die gevoel van (opstand/kalmte) wat Evert in sy hart gehad het nadat hy vir Anna gesien het. (1)

12.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die titel van hierdie verhaal verwys na ’n lied wat (oor niemandsland gehandel het/die dorp aan albei kante van niemandsland verbind het). (1)

12.19 Waarom kan ons sê dat die boodskap van hierdie verhaal ook by die politieke situasie in Suid-Afrika aanpas? Gee TWEE feite. (2)

12.20 Waarom kan ons sê dat daar nooit wenners in ’n oorlog kan wees nie? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

OF

AFDELING D: GEDIGTE

VERSJOERNAAL

BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE.

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Vrou langs die pad – Louis Esterhuizen

Jou lyf lê bruin soos kardoes
langs die tref-en-trap van die pad
en grassaad poeier tot stof
hier waar jy slaap
jou laaste slaap
Jou rok rafel nog om jou bene
asof jy steeds aanstryk na die halte
maar langs jou jaag 'n bloedstroom weg
tussen klip
en teer, lê jou hand onbekend en vaal
langs die flenters van jou sak
Jou kinders by Vlottenburg se krothuisies
sal wag vir jou,
hul stemme sal tussen die speel deur soek
na die smal pad wat dorp toe krul
daar waar jy kos en klere wou gaan kry
Op jou tuiskoms sal hulle wag, op die krom
aansukkel met pakkies onder die arm
die veraf roep, die naderstorm, uitbundig
die neergooi, die arms, die jubel
van jou terugkeer
Die tweevertrekhuisie se skewe deur
sal jou roep en jou man sal geduldig sy pyp
weer stop: Uur na uur oor die vallei heen
tuur
na waar die laatmiddagson die bergrant
kleur. En spoedig sal die son weer vuurmaak
oor die bulte, die sap rooi
in die druifkorrels in
suig, weldra sal die plaaswerkers
die trosse onder blare uit na vore bring
en jou kinders
sal 'n ander speletjie speel
hul stemme sal klink die strate deur
die sagte môre teen
en almal sal weer lag en lewe
al is jy heen, hier waar jy lê langs die pad
bruin soos 'n kardoes met jou handsak

39	aan flarde, wyd verstrooi deur son en reën.
40	En jy?
41	Hier waar jy lê, sal hulle 'n houtkruis plant,
42	sal grassaad soms nog buig, sal skape wei.

13.1 Waaraan het die vrou se bruin lyf die spreker laat dink? (½)

13.2 Die vrou is dood toe die bus waarin sy gery het, omgeslaan het.

13.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

13.2.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 13.2.1. (1)

13.3 Kies die stylfiguur uit KOLOM B wat pas by die voorbeeld in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (13.3.1 – 13.3.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
13.3.1 "hier waar jy slaap" (Versreël 4)	A vergelyking
13.3.2 "die son weer vuurmaak" (Versreël 27)	B eufemisme
13.3.3 "En jy?" (Versreël 40)	C retoriese vraag
	D personifikasie

(3 x 1) (3)

13.4 Hoe het die pad gelyk wat dorp toe gegaan het? Haal TWEE APARTE WOORDE aan. (2)

13.5 Watter emosie het die kinders ervaar as hulle ma van die dorp af teruggekom het? (Versreëls 17 – 21) Gee jou EIE EEN WOORD. (1)

13.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

"Uur na uur oor die vallei heen tuur" (versreëls 24 en 25) wys dat die man ...

A kwaad en bekommerd was toe sy vrou nie opdaag nie.
B geduldig vir sy vrou gewag het om terug te kom.
C bly was om vir sy vrou te sit en wag.
D gekyk het dat die kinders nie seerkry terwyl hulle gespeel het nie. (1)

13.7 Kies elke keer die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die vrou wou na die (13.7.1) (pad/halte) stap. Sy sou (13.7.2) (tabak en speletjies/kos en klere) vir haar gesin gaan koop het. (2)

13.8 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (13.8.1 – 13.8.2) en die antwoord neer.

gesuig; sonsondergang; geoes; sonsopkoms

Die vrou se gesinslede het geweet dat die lewe moes aangaan toe hulle die (13.8.1) ... sien. Hulle het weer druiwe (13.8.2) ... en die kinders het 'n ander speletjie gespeel. (2)

13.9 Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE sê dat die vrou altyd swaar gedra het aan die pakkies wat sy teruggebring het? (1)

13.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die EEN WOORD wat sê dat die dinge na die vrou se dood ***gou*** weer na normaal teruggekeer het, is ...

A weldra.
B weer.
C soms.
D lewe. (1)

13.11 Hoe het die mense probeer om die vrou te onthou? (1)

13.12 Waarom dink jy dat dit wat met hierdie vrou langs die pad gebeur het, nie uniek was nie? (1)
[17½]

OF

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

'n klein beriggie – Vincent Oliphant

op 'n dag het hy sy werk verloor
en toe jy weer hoor
kom vat hulle sy motors meubels huis
hulle het alles kom eis
ook sy laaste bietjie hoop

maar hy't sy skoene deurgeloop
en hom teen mismoed verset
hy wéét mos wat hy in hom het
toe kom die laaste strooi
hy kry haar in 'n ander man se kooi

11	nou wil ek sy verhaal voltooi
12	anders bly ’n storie van ons tyd verbloem
13	agter dit wat ’n klein beriggie noem
14	
15	dat hy dood gekry is in sy eie bloed geen misdaad word vermoed

14.1 Waar verskyn ’n berig of beriggie gewoonlik? (½)

14.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die woord “klein” in die titel ...

A was onnodig omdat daar reeds ’n verkleinwoord is.
B het gewys dat die nuus in die beriggie onbelangrik was.
C het die hartseer van die gebeure minder laat uitstaan.
D pas goed omdat dit later in die gedig herhaal word. (1)

14.3 Die hoofkarakter in hierdie gedig het nooit enige besittings gehad nie.

14.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

14.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 14.3.1. Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE uit strofe 1 aan. (1)

14.4 Voltooi die stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die rymskema in die gedig is hoofsaaklik ...

A slagrym.
B paarrym.
C kruisrym.
D omarmende rym. (1)

14.5 Kies die aanhaling in KOLOM B wat pas by die stelling in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (14.5.1 – 14.5.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
14.5.1 Dit het sy sterk karakter bewys.	A “hy kry haar in ’n ander man se kooi” (Versreël 10)
14.5.2 Hierna het hy moed opgegee.	B “hy wéét mos wat hy in hom het” (Versreël 8)
14.5.3 Dit het nie die volle waarheid vertel nie.	C “agter dit wat ’n klein beriggie noem” (Versreël 13)
	D “en hom teen mismoed verset” (Versreël 7)

(3 x 1) (3)

14.6 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die die vraagnommer (14.6.1 – 14.6.2) en die antwoord neer.

werkloos; misdaad; selfmoord; vermoor

In die beriggie het gestaan dat die man dood gelê het in 'n plas bloed. Niemand het gedink hy is (14.6.1) ... nie. Dit het dus na (14.6.2) ... gelyk. (2)

14.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

In hierdie gedig is dit die (werklose man/spreker) wat die volle verhaal wil vertel. (1)

14.8 Hoekom het hierdie man sy skoene "deurgeloop" (versreël 6)? (1)

14.9 Wat het die digter bedoel met die uitdrukking: "die laaste strooi" (versreël 9)? Gee TWEE feite. (2)

14.10 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Versreëls 11 – 13 sluit mooi aan by die laaste koeplet deur die herhaling van die (d-klank/oe-klank/m-klank). (1)

14.11 Wat het hierdie gedig vir ons geleer oor die rol wat gesinslede en vriende kan speel om sulke hartseergebeure te voorkom? (1)

14.12 Waarom het hierdie gedig nie hoofletters of leestekens nie? (1)

14.13 Hoekom voel die leser jammer vir die man in die gedig? (1)
[17½]

OF

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

e-sonnet – Susan Smith

met skuifspeld ponser en kram
kon ek tevore – soos dit hoort –
op papier netjies elke woord
orden volgens plan

nou wag iewers in die ruimte
my posbus
gedot & gekom
slaggereed op besoekers van buite

9	langsamerhand vind ek egter
10	die e-verhouding al hegter
11	dat ek met elke klik
12	en dubbelklik
13	my lewe al meer
14	na die eenoog-despoot se buie skik

15.1 Wat beteken die ***e*** in *e*-sonnet? (½)

15.2 Hoe het die spreker vroeër seker gemaak dat hy/sy dokumente nie wegraak nie? Noem EEN manier. (1)

15.3 Die woorde "soos dit hoort" staan tussen aandagstrepe. Wat sê dit van die spreker? (1)

15.4 Hoe weet ons dat die spreker nie seker was waar presies sy/haar e-posadres was nie? (1)

15.5 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (15.5.1 – 15.5.2) en die antwoord neer.

kwatryn; tersine; koeplet; sestet; oktaaf

Die eerste agt reëls van die gedig noem ons die (15.5.1) ... . Die laaste ses versreëls noem ons die (15.5.2) ... . (2)

15.6 Watter EEN WOORD in strofe 2 is die teenoorgestelde van die woord "tevore" in strofe 1? (1)

15.7 Het die spreker gou aan e-pos gewoond geraak? Motiveer en verduidelik jou antwoord met EEN feit uit die gedig. (1)

15.8 Kies die beskrywing in KOLOM B wat pas by die woord(e) in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (15.8.1 – 15.8.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
15.8.1 ponser	A 'n apparaat wat papiere aanmekaar heg
15.8.2 besoekers van buite	B e-posadres
15.8.3 gedot en gekom	C 'n apparaat wat gaatjies in papier druk
	D alliterasie

(3 x 1) (3)

15.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die "eenoog-despoot" (versreël 14) is die manier waarop die spreker die ... beskryf.

A alleenheerser
B tiran
C rekenaar
D besoeker van buite (1)

15.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die rymskema in versreëls 9 en 10 van die gedig is ...

A paarrym.
B kruisrym.
C vrye vers.
D omarmende rym. (1)

15.11 Die spreker glo e-pos is dadelik reg om te gebruik.

15.11.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

15.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 15.11.1 met EEN WOORD uit strofe 1. (1)

15.12 In die eerste en laaste strofe verskil die manier waarop die spreker sy/haar pos hanteer. Watter verskil is daar? (2)

15.13 "my lewe al meer
na die eenoog-despoot se buie skik" (Versreëls 13 en 14)

Kan 'n mens vandag nog so oor tegnologie voel? Motiveer jou antwoord. (1)
[17½]

OF

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Woonstelbewoner – Sheila Cussons

Laat ek my seëninge tel.
Byvoorbeeld, wat hoor ek nou, wat kan
my trillende aandag my vertel?
Gesuis van verkeer op straat;
die hartbreekroep van ’n inkblou voël
waarvan ek die naam nog moet leer;
die klein klikgeluidjie by tussenpose
van my stoof wat my herinner
dat iets daarop prut. En, dat die energieke dag
nou nag toe staan.
Saam net welkom in my oor
en wat ek knersend kalm probeer om skoon te hoor
dwarsdeur, bo-oor
die beleg van my sinne tot in my skedel
van daardie TV-ding langsaan.

16.1 In watter soort woonplek woon die spreker? (½)

16.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die spreker sê: “Laat ek my seëninge tel.” (Versreël 1)

Dié versreël impliseer dat die spreker (positief/ontevrede) moet wees. (1)

16.3 Watter EEN van die spreker se seëninge moet hy/sy tel? (1)

16.4 Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE sê dat die spreker baie mooi moet luister? (1)

16.5 Kies die term in KOLOM B wat pas by die aanhaling in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (16.5.1 – 16.5.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
16.5.1 “gesuis van verkeer op straat” (Versreël 4)	A personifikasie
16.5.2 “hartbreekroep van ’n inkblou voël” (Versreël 5)	B metafoor
16.5.3 “die energieke dag” (Versreël 9)	C assonansie
	D klanknabootsing

(3 x 1) (3)

16.6 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Dis gewoonlik (soggens/saans) dat die spreker kwaad word oor die geluid van die bure se televisie. (1)

16.7 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (16.7.1 – 16.7.2) en die antwoord neer.

knersend; opgewek; positief; hartseer; negatief

Die meeste klanke wat die spreker hoor, is (16.7.1) ... . Die TV se klank is vir haar (16.7.2) ... . (2)

16.8 Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE sê dat die spreker haar emosies met moeite beheer het? (1)

16.9 Daar is bedags baie om te doen.

16.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

16.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 16.9.1. Gebruik 'n feit uit die gedig. (1)

16.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

"die beleg van my sinne tot in my skedel" (versreël 14) beteken dat die spreker ...

A mooi gedink het voordat hy/sy gepraat het.
B se sinne in sy/haar kop weggeraak het.
C gevoel het asof hy/sy van sy/haar kop af raak.
D gevoel het asof sy/haar sintuie aangeval word. (1)

16.11 Waarom is die woord "beleg" in versreël 14 'n slim woordkeuse? Motiveer jou antwoord. (1)

16.12 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Hierdie gedig is in die vorm van 'n (sonnet/vrye vers) geskryf. (1)

16.13 Dink jy dit is regverdig van die spreker om stilte van sy/haar bure te verwag? Motiveer jou antwoord. (1)

16.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Met hierdie gedig wou die skrywer vir ons sê dat ...

A voëls gewoond raak om naby woonstelle te bly.
B die stadsverkeer minder is as jy in 'n woonstel bly.
C dit moeilik is om aan die lewe in 'n woonstel gewoond te raak.
D daar genoeg plek vir 'n stoof in 'n woonstel is om kos te maak. (1)

[17½]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou